

Maandag

1 Kor. 6: 12 – 20; 3: 17 – 20; Gal. 5: 1. Teks: 1 Kor. 6: 13 b: Die liggaam is tog nie daar vir onsedelikheid nie, maar vir die Here, en die Here vir die liggaam.” Tema: 'Ons liggame behoort aan die Here.' Behoort ons liggame aan die Here of is Hy God binne-in ons liggame? Dit is hoe Paulus die lidmate van die gemeente Korinte se selfverheerliking in hierdie verse aanspreek: hulle wil met hul liggame hulle selfverheerliking vertoon en glo nie meer hulle liggame behoort aan die Here nie. Sonde is dwaasheid wat as wysheid geglo word. Daarom wys Paulus in hoofstuk 3 dat God die wyses deur middel van hulle eie slinksheid vang en die niksseggendheid van hul slim redenasies ken. (1 Kor. 3: 19, 20) In 1 Kor. 6 wys Paulus hoe lidmate met slimigheid en niksseggende redenasies seks buite die huwelik wou regverdig asof dit hulle nuwe Christelike vryheid is. Die twee slinkse slimighede van die lidmate klink so:

1. “Alles is my geoorloof” en
2. “Kos is vir die maag en die maag vir kos.”

Paulus kon kort en kragtig met gesag verklaar het dat hulle oortree die sewende gebod, dat hulle die wet van God oortree en daarmee sou die saak afgehandel gewees het. Hy doen egter totaal iets anders. Nie met die wet nie, maar deur die evangelie wys hy die diepte van hul sonde. Paulus wys dat die geloofsaak in hulle oortuiging dat sedelose seks nie sonde is nie gaan oor die ongeloof dat jy met jou liggaam jou goddelikheid vertoon en daarom nie meer glo jou liggaam behoort aan die Here nie. In drie kort en kragtige verklarings en teenverklarings in 'n gedramatiseerde debat tussen Paulus en lidmate wat sedelose verkeer regverdig, ontbloom Paulus hulle dwaasheid... Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus

Dinsdag

1 Kor. 6: 12 – 20; 3: 17 – 20; Gal. 5: 1. Teks: 1 Kor. 6: 13 b: "Die liggaam is tog nie daar vir onsedelikheid nie, maar vir die Here, en die Here vir die liggaam.” Tema: 'Ons liggame behoort aan die Here.' Die lidmate in Korinte regverdig hulle seksuele sedeloosheid met die magsverklaring: “Alles is my geoorloof”, dit is “Ek kan met my liggaam doen wat ek wil want dit is my liggaam!” Paulus se teenantwoord is dat jy jou liggaam kan verniel en beskadig deur met jou liggaam eiemagtige en kragdadige besluite te probeer demonstreer. Jou liggaam gaan juis die beperktheid van jou magsverklarings wys. Onoortuig met sy teenantwoord stel hulle dan weer net kragdadig dat “Alles is my geoorloof.” Hierop kom Paulus en wys die dwaasheid van hul eiemagtige houding: sedelose omgang demonstreer nie eiemagtigheid nie, maar vang jou vas in die mag van die persoon met wie jy saam sonde doen. Hulle aanvaar sy teenantwoord en verdedig skielik hulle sedeloosheid met 'n nuwe magsverklaring: “Kos is vir die maag en die maag is vir die kos.” Vandag sê mense wat seksueel hul drifte gewoon net wil bevredig soos hul kan en wil: “As jy honger is, moet jy eet.” Met wetenskaplike taal word hierdie argument deur teoloë vandag só gestel: “Dit is jou seksuele identiteit en daarom móét jy dit doen, jy het nie 'n keuse nie.” Met hierdie argument het hulle nou hul eintlike saak waarmee hulle begin het verloor. Aan die

begin het hulle gesê: “Ons kán doen net wat ons wil.” Later erken hulle, hulle hét nie die vryheid om te doen wat hulle wil nie. Want nou sê hulle: ons móét doen wat ons drifte wil. Hulle is gevangenes van hul drifte. Maar wat hulle doen is nóg erger: die boosheid van hierdie stelling is dat hulle nou maak asof Gód mense so geskep het. God maak mense met mae en God maak kos! God het hulle drifte gemaak en hulle móét nou hierdie drifte bevredig! Nou is hulle met hulle eie slinksheid (dat hul vry is om te doen wat hul wil) gevang om te erken hulle is nie in beheer oor hul eie liggaam nie, maar slawe van hul liggaam. Daarmee het Paulus die dwaasheid van hul slimigheid om sedelose omgang as eiemagtigheid te probeer regverdig, ontbloom. Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus

Woensdag

1 Kor. 6: 12 – 20; 3: 17 – 20; Gal. 5: 1. Teks: 1 Kor. 6: 13 b: “Die liggaam is tog nie daar vir onsedelikheid nie, maar vir die Here, en die Here vir die liggaam.” Tema: ‘Ons liggame behoort aan die Here.’ Paulus wys wat is die werklike sonde in sedeloosheid deur die inhoud van die evangelie met die sin: “Deur sy krag het God die Here opgewek en sal Hy ons ook opwek.” Die evangelie herstel die betekenis van die mens se liggaam. Christus is as MENS opgewek uit die dood uit om vir ewig ’n MENS van vleis en bloed te wees en só sal die Here ons ook met sy se wederkoms ons opwek uit die dood: Hy sal ons weer mense laat wees mét ’n liggaam van vleis en bloed. (1 Kor. 15) God het ons gemaak en bedoel om LIGGAAMLIK mense te wees. Ons liggaamlikheid is ewig deel van ons menswees. Hoe sondig jy deur sedeloosheid teen jou eie liggaam? Paulus wys daarop dat die Here ons seksualiteit só wesenlik deel van ons menswees gemaak het dat jy daardeur as man en vrou een liggaam word. In haar liggaamlike vrouwees word jy as man vervul en in sy liggaamlike manwees word jy as vrou vervul. In hierdie liggaamlike eenheid is jy ook as man en vrou een in jou menswees. Een in liggaam en een in gees! Dit is hoe God ons liggaamlikheid as man en vrou laat werk! Maar nou kom die mens en maak sy liggaamlikheid iets waarmee hy juis sy onverbondenheid demonstreer. Sy/haar liggaam word ’n magsmiddel waarmee hy of sy demonstreer: “Ek kan doen wat ek wil soos ek wil terwyl ek my deur niks en niemand laat bind nie.” In hierdie eiemagtigheid maak mense hul seksualiteit los van hul menslikheid asof dit net iets fisies is wat niks met hul innerlike menswees te doen het nie. Daarmee verontmenslik die mens sy eie liggaamlikheid, terwyl Christus mense juis verlos sódat hul liggaam vir ewig deel van hul menswees is. Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus

Donderdag

1 Kor. 6: 12 – 20; 3: 17 – 20; Gal. 5: 1. Teks: 1 Kor. 6: 13 b: “Die liggaam is tog nie daar vir onsedelikheid nie, maar vir die Here, en die Here vir die liggaam.” Tema: ‘Ons liggame behoort aan die Here.’ Die kerk is die liggaam van Christus, sy tempel! (1 Kor. 6: 19) Paulus sluit hier direk aan by wat hy al in 1 Kor.: 3: 16 en 17 gestel het: “Weet julle nie dat julle liggaam ’n tempel van God is en dat die Gees van God in julle woon nie: As iemand die tempel van God skade aandoen, sal God hom skade

aandoen, want die tempel van God is heilig, en dié tempel is julle.” In die vorige preke in hierdie reeks het ons die volgende inhoude vasgemaak uit God se woord:

1. Die tempel is nie God se blyplek nie, maar die seremoniële teken dat God sy volk in die allerheiligste van sy liefde as God laat leef.
2. Christus se liggaam as mens is die nuwe tempel want in alles wat Hy doen, maak Hy ons deel van God se liefde en heilig om God lief te mag hê.
3. Die Vader maak Hom tuis by ons as sy kinders in die allerheiligste van sy liefde as Vader. Dit is wat die Vader deur sy Gees met ons doen.
4. Die Vader woon deur sy Gees in die kerk, nie in mense se lywe nie.

Hier kom Paulus nou wys dat deur dit alles is die kerk Christus se liggaam en woon die Gees van God die Vader in die kerk. Omdat ons deel is van die liggaam van Christus, en God die Vader ons in sy allerheiligste liefde insluit, is ons as mens vir God heilig. Om tempel te wees beteken om as mense heilig te wees vir God se Allerheiligste liefde! Hoe? Deur liggaamlik ook aan die Here te behoort! Ons behoort as mense met ons hele liggaam, siel en gees aan die Here omdat ons ingesluit is in wie Hy liggaamlik, siel en gees as mens is. Ons liggaamlikheid is hoe ons God volkome liefhet met ons hele liggaam, ons hele siel en ons hele gees. Wie God nie met sy liggaam liefhet nie, het God nie volkome lief nie. Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus.

Vrydag

1 Kor. 6: 12 – 20; 3: 17 – 20; Gal. 5: 1. Teks: 1 Kor. 6: 13 b: "Die liggaam is tog nie daar vir onsedelikheid nie, maar vir die Here, en die Here vir die liggaam." Tema: 'Ons liggame behoort aan die Here.' Wie sy eie liggaam gebruik om goddelikheid te wys, verontmenslik Christus! Dit word vandag as 'n nuwe evangelie só gepreek! Jou eie menslike liggaam is God se tempel! So begin hulle om dit te laat klink asof dit is wat in hierdie tekste staan. Hoe sê hulle is jy God se tempel? Só: Jy moet met jou liggaam God se goddelikheid wys en uitstraal vir ander mense! Jou liggaam moet die vertoonkas van God se goddelikheid binne in jou wees! Hulle leer dat ons met ons liggame God se goddelikheid moet uitbeeld vir ander mense in die wêreld! Hulle noem hierdie glaskaslewe verkeerdlik "jou getuigenis." Ons liggame is nie net leë lywe wat leë vertoonkaste is om God se goddelikheid binne in ons uit te stal nie! Ons liggame is deel van ons volle menslikheid waarmee ons God liefhet.

Goddeloosheid en afgodsdienste is een en dieselfde magshouding. Tussen

- a. "Alles is my geoorloof ek kan met my liggaam doen wat ek wil" en
- b. "Jou liggaam moet 'n leë glaskas wees wat God se goddelikheid binne in jou vertoon en uitbeeld",

is daar volgens die evangelie geen verskil nie. Albei verontmenslik die mens se liggaam. In SEDELOOSHEID is jou liggaam 'n magsmiddel vir eiegeregtigheid en eiemagtigheid. In AFGODSDIENS is jou liggaam nie meer deel van jou menslikheid nie, maar deel van die selfopgemaakte god binne in jou se goddelikheid. Wie sy liggaam só verontmenslik, vir hom is Jesus nie meer mens vandag in die hemel nie, maar hierdie goddelike gees binne in 'n mens wie se eiemagtigheid of goddelikheid

uitgebeeld word. Ons behoort met liggaam, siel en gees aan Christus en verheerlik God ook deur die diensbaarheid van ons menslike LIGGAAMLICHEID. Preek beskikbaar op Google by ngkerkevubu.co.za Ds. Petrus